

# Teologika vir die derde Afrikaner: Gedagtes oor die onderstel van Christelike verset<sup>1</sup>

Prof. Alwyn Swanepoel

Meneer die Voorsitter,

Ek wil graag praat oor die onderstel van Christelike verset, met ander woorde oor dit wat ver-onderstel word, of dan veronderstel behoort te word, as ons met verset meer as blote opstandigheid bedoel. As die onderstel van ons bakwerk nie in tip-top kondisie is nie, kan nugtere en geloofwaardige verset nie baie doeltreffend wees nie, ook al raas die enjin hard en gee die indruk van baie perde onder die kap. Die ondersoek van hierdie onderstel vereis egter meer as logika. Dit vereis ook teologika - iets waarin ons maar almal beginners bly.

Verder word hieroor gedink binne 'n baie spesifieke konteks – dit wat soms genoem word die konteks van die derde Afrikaner.<sup>2</sup> Hiermee word bedoel dat ons bewus daarvan is dat ons tans in 'n andersoortige konteks leef. As die eerste Afrikaner die Afrikaner voor die 20ste eeu verteenwoordig en in sekere opsig nog as premodern in die goeie sin van die woord beskryf kan word, en as die tweede Afrikaner die Afrikaner van die 20ste eeu verteenwoordig met die gepaardgaande modernisme en wêreldoorloë en ook die sentralisering van apartheid, dan verteenwoordig die derde Afrikaner in die huidige konteks iets daarná. Sommige noem dit postmodern, maar ander, soos die meerderheid van hierdie gehoor, wil eerder praat van postsekulêre, alternatief-moderne, derde Afrikaners. Dit is ook binne hierdie kontekswat hierdie voordrag 'n teologiese bydrae wil lewer.

Om ons hierin by te staan, wil ek in die basiese aanpak gebruik maak van 'n oortuiging wat 'n mens terugvind by instansies soos *First Things* se webwerf. Dit is dat positiewe verandering in 'n samelewing en kultuur uitkringend, met 'n rimpel-effek, vanaf 'n baie definitiewe

---

<sup>1</sup>Lesing gelewer by die teologiese dag van die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) op 27 Januarie 2020. Na afloop van die lesing is die teks in die daaropvolgende maand bygewerk in die lig van bespreking en verdere nalees en besinning.

<sup>2</sup> Vgl. in hierdie verband die gebruik van die begrip derde Afrikaner by Carel Boshoff in sy publikasie van 2014: *NP van Wyk Louw en die derde Afrikaner*. Pretoria: FAK.

middelpunt gebeur: Eers aanbidding, dan kultuur, dan politiek.<sup>3</sup> Dit hou ons ook wakker vir die feit dat verzet nie ter wille van verzet plaasvind nie, maar ter wille van 'n stewige visie wat daaraan ten grondslag lê. Dit herinner ons dat daar 'n stewige onderbou is wat in Christelike verzet veronderstel behoort te word en beklemtoon dat dit belangrik is dat ons gesond sal wees voor ons strydery wil wees en dat die onderstel nie moet uitsak nog voor ons begin het nie. Ons fokus daarom in ons veronderstellings op die genoemde punte: aanbidding, kultuur en politiek.

## **Aanbidding**

Waarom sê ons dat verandering in 'n samelewing, en natuurlik ook by onself, by aanbidding begin? Die rede is dat ons al hoe meer verander na die beeld van dit wat ons aanbid en daarom moet grondliggende verandering altyd by hierdie kernbegin (vgl. Ps. 115:8; Rom. 12:1-2; Ef. 4:23-24). Waar jou skat is, is jou hart (vgl. Mt. 6:21) en jou hart trek die verstand en gewoontes – dink en doengewoontes - saam in daardie rigting. Juis daarom is dit eintlik onsinnig om uit te vaar teen samelewings met 'n sogenaamde teokratiese regering, aangesien elke samelewingsorde altyd alreeds teokraties getoonset is. In die sentrum van elke samelewing is daar een of ander god (of die lewende God) om wie daar gewentel word en in wie se belang daar wette en gebooie uitgewerk word wat bevestig wie politiek korrek is en wie nie, asook wie vervolgt sal word as daardie kodes oortree word. En teologika help ons om die god of God uit te ken wat in 'n bepaalde kultuur geëer word. Daarom moet ons weet en waardeer dat die diepste veranderinge in 'n kultuur nie anders kan as om op die vlak van aanbidding hanteer te word nie. En as ons besef dat die liggaam van Christus boonop deur aanbidding, wat die reiniging van hul eie sondes insluit, weekliks op besondere wyse die troonsaal van die Ewige God betree, as ons besef dat hulle deur hul sang en gebedeintree en so oorlog voer teen die magte van die duisternis wat hierdie kern ontken of aanval, wie wil dan nogbeweer dat aanbidding niksseggend is?<sup>4</sup>

---

<sup>3</sup> Vgl. die volgende artikels daar wat hierop sinspeel: Hittinger, R. 2017. "The Three Necessary Societies" by <https://www.firstthings.com/article/2017/06/the-three-necessary-societies>; Reno, R. 2019. "Cultural Nihilism" by <https://www.firstthings.com/article/2019/06/cultural-nihilism>.

<sup>4</sup> Vgl. In hierdie verband die publikasie van Peter Leithart in 1993, met die titel, *The Kingdom and the Power: Rediscovering the Centrality of the Church*. Phillipsburg: P&R.

Dit is ook insiggewend om in die Skrif van die begin af raak te sien dat die vader van die geloof, Abraham, terwyl hy maar net 'n pelgrim in die beloofde land is, op die plekke waar Hy kom, 'n altaar oprig (vgl. Gn. 12:7,8; 13:18). Dit is ook treffend om raak te sien watter belangrike deel van die onderstel dit uitmaak in die dispuut met sy broerskind, Lot. Ons haal graag Gn. 13 aan om te wys op die waarde van goeie grense, maar ons moet ook bynoem wat hiermee saamgaan. Abraham gee daar die teenparty die geleentheid om selfs eerste te kies. Die geheim hiervan lees ons aan die einde van daardie hoofstuk. Ons lees in Gn. 13:18 dat Abraham daar waar hy gewoon het, vir die Here 'n altaar gebou het. Want Abraham het in gemeenskap met God geleef en ook reeds die beloftes van die Here gehad as pelgrim in 'n vreemde land. Abraham se hart was reeds by sy skat – die lewende God, en daarom kon hy anders optree en hou by dit wat die meeste saak gemaak het. As sulke mense vir wie die woninge en altare van die Here lieflik is, deur die droë laagtes trek, maak hulle dit in elk geval 'n fonteinland (Ps. 84:7). Luister, Afrikaner, jy wat lugtig is vir die westelike dele van die land. Die aanbidding van die lewende God was voor alles kenmerkend waar Abraham gebly het, ook al was dit die droër en die minder mooi dele van die land. In weerwil daarvan was hý die geseënde en het selfs later vir Lot-hulle gaan bevry, met, let wel, geoefende manne (Gn. 14) en by 'n ander waterskeidingsoomblik vir hom ingetree (Gn. 18). So word Abraham dus alreeds in sy eie tyd 'n seën vir die nasies rondom hom. Later in die Bybel verneem ons ook in Esra dat wanneer die ballinge terugkeer, die bou van die tempel eerste op die agenda was, of dan veronderstel was om eerste te wees, soos ons later by Haggai verneem. En natuurlik hiermee saam, die herbouwerk van die stad Jerusalem waarvan Nehemia vertel.<sup>5</sup>

Vriende, hierdie teologika noop ons om dadelik daarop te wys, ook in ons tyd as ons die wyse raad verneem van ankerdorpe en ankergebiede waarin ons moet oorweeg om saam te trek, dat ankerdorpe sonder die ware Anker, niksseggend is.<sup>6</sup> Dit is veelseggend om te beseef dat een van die oorspronklike bedoelings van dorpe reeds die bedoeling gehad het om vestings te wees wat die burgers kon beskerm. Burgers wou 'n burg hê en ook in ons land is

---

<sup>5</sup>Kyk in hierdie verband na die insiggewende gedagtes van George Grant in sy publikasie van 1987 genaamd *The Changing of the Guard: Biblical Blueprints for Political Action*, met besondere verwysing na “reclaiming the land”, p.43-49. Hierdie werk kan op die internet besigtig word by [https://www.garynorth.com/freebooks/docs/pdf/the\\_changing\\_of\\_the\\_guard.pdf](https://www.garynorth.com/freebooks/docs/pdf/the_changing_of_the_guard.pdf).

<sup>6</sup> Vgl. die navorsing hieroor in die artikel van Maroela Media in Oktober, 2019: “Solidariteit: Ankerdorpe volledig toegegerus vir die Afrikaner teen 2030”, by <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/solidariteit-ankerdorpe-volledig-toegegerus-vir-afrikaner-teen-2030/>.

dit in die naam van baie dorpe ingeskryf: Sasolburg, Pietersburg, Pietermaritzburg, Johannesburg, Scottburgh. Maar lankal het ons ook geleer om te sing: 'n Vaste burg is onse God, ons skuil in Hom die sterke...want as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagtters.<sup>7</sup>Aanbidding bring ons in besondere gemeenskap met Hom wat die ware Burg en die ware Anker van ons lewe en van ons ankerdorpe is. Daarom is dit dringend noodsaaklik dat ons in die identifisering van vestings, burge, ankerdorpe en ankergebiede in ons dag, voor enigiets anders, ondersoek sal instel na hoe dit gaan met die aanbidding aldaar.

In hierdie teologiese oudit is daar iets baie spesifiek waarna ons ondersoek moet instel wanneer ons kyk na aanbidding in kerke. Dit het in ons dag die groot verskilpunt geword in amptelike teologiese opleiding van bedienaars van die Woord. Dit is naamlik die onderskeid tussen korrelasie-teologie en reformatories-katolieke teologie. Wat word hiermee bedoel? Korrelasie-teologie gaan daarvoor dat diesulkes die Bybel in die raamwerk van die heersende denkstrominge wil inpas, of dan daarmee wil korreleer.<sup>8</sup> Dit veronderstelling is hier dat heersende denkwyses en maniere basies deur die Heilige Gees gegee is en dat daar metodes vandag is wat voortreflike navorsing op grond hiervan doen en dat ons nou die Bybel daarmee in verband moet bring en korreleer. En natuurlik bemerk ons hierin 'n gevaarlike misleiding wat maklik kan ontstaan in verband met die heilige tydsgees, maar laat ons ook onthou dat daar iets is soos korrelasie-teologie aan die linker sowel as aan die regterkant.

Dit is ook moontlik dat jy meer in jou regse oortuigings en kategorieë belangstel as enigiets anders en eintlik maar net soek hoe jy die Bybel kan gebruik om jou sienings te wettig en te rasionaliseer.<sup>9</sup> Wat ons hier duidelik moet verneem is dat jy óf verander word na die beeld van God en sy Woord, en jou kategorieë, links of regs, daardeur laat korrigeer, óf omgekeerd, die Bybel laat buikspreek vir jou doen en dinkgewoontes.<sup>10</sup> Die gereformeerde-katolieke teologie is by uitstek daarvan deurdronge dat God en sy Woord die toon sal

---

<sup>7</sup> Vgl. Luther se omdigting en toonsetting van Ps. 46 asook die aangehaalde Skrifgedeelte uit Ps. 127:1.

<sup>8</sup> Vgl. Smith, J.K.A. 2004. *Introducing Radical Orthodoxy: Mapping a Post-secular Theology*. Grand Rapids, MI: Baker Academic, p.35.

<sup>9</sup> Dit is in hierdie verband die moeite werd om verder na te dink daarvoor of apartheidsteologie en anti-apartheidsteologie nie beide voorbeelde is van korrelasie-teologie aan die regter en linkerfronte nie.

<sup>10</sup> 'n Ouer generasie het iets hiervan verwoord deur die vermaning om nie toe te laat dat jou politiek jou Bybellees bepaal nie. Dit is verstommend om telkens vandag te sien hoe teoloë vandag presies die spieëlbeeld is van dit wat hulle kritiseer uit 'n vorige orde: 'n Politieke metateks funksioneer as eintlike "Bybel" om die Bybel uit te lê.

aangee, dat die Woord sal heers oor die situasie, die Teks oor die konteks. 'n Bekende teoloog in hierdie tradisie, Todd Billings, wys daarop dat die bekende Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus ons reeds konfronteer met hierdie omkering: dat my troos juis is dat ek nie aan myself behoort nie, maar aan Jesus Christus.<sup>11</sup> En dit is belangrik dat ons 'n geloofwaardigheid daaroor sal hê en dat mense sal beleef dat ons na links en regs vermaan, sodat dit duidelik sal wees dat ons in diens van God staan en nie van enige groepsbelange in die eerste plek nie.

En ja, die koppelwoord, gereformeed-katoliek, word berekend gebruik. Dit het in ons dag te maklik geword om die woord gereformeed onbekeerd en gearriveerd te gebruik - onbekeerd in die sin dat daar eintlik 'n tipe modernisme en rasionalisme in die woord opgeneem is en wat minder aan die oorspronklike Hervormers herinner as wat sommige graag wil dink, en gearriveerd, omdat daar te maklik vergeet word dat 'n gereformeede kerk altyd reformeer. Die Suid-Afrikaans gebore Presbiteriaan, Mark Jones, het in hierdie verband 'n belangrike artikel geskryf waar hy die verskil aantoon tussen hulle wat hulself as "TR" beskou – *truly reformed*, dus waarlik gereformeed, en die diene wat eerder kies om hulself as gereformeed-katoliek te beskryf.<sup>12</sup> Jones wys daarop dat diene wat hulself as waarlik gereformeed klassifiseer, die gereformeede tradisie maklik versmal tot bepaalde sake en nie genoegsaam erkenning gee dat daar heelwat sake is wat in die breër stroom van die gereformeede tradisie as geldige debatte erken is nie. Hy stel egter ook onmiddellik hierby dat van die mees godvresende mense wat hy ken in die kategorie van "TR" val. Tog wys hy ook na o.a. John Owen en Charles Hodge en Thomas Goodwin as voorbeelde van wat dit beteken om gereformeed-katoliek te wees. Ek haal enkele gedeeltes (vertaal) uit sy artikel aan:

"Die ironie is die volgende: Om waarlik Gereformeed te wees, is myns insiens juis om 'n gereformeede katoliek te wees. Om werklik gereformeed te wees, beteken dat jy vrylik manne wat Rooms-Katoliek of Arminiane is, kan aanhaal...Ons moet, sover ons kan, en natuurlik sonder om ons konfessionele-erfenis in te boet, ander Christelike tradisies,

---

<sup>11</sup>Vgl. sy náwoord in Allen, M. & Swain, S.R se vermeldenswaardige werk van 2015, met die titel, *Reformed Catholicity: The Promise of Retrieval for Theology and Biblical Interpretation*. Grand Rapids, MI: Baker Academic. Die tema van Billings se náwoord is: *Rediscovering the Catholic-Reformed Tradition for Today: A Biblical, Christ-Centered Vision for Church Renewal*.

<sup>12</sup> Jones, M. 2015. *Truly Reformed (TR) and Reformed Catholics*, by <https://www.reformation21.org/blogs/truly-reformed-tr-reformed-cat.php>.

standpunte en waardes omhels of respekteer. Dit is eintlik juis 'n vaste vertrouwe in ons gereformeerde konfessionele erfenis wat ons toelaat om dit te kan doen.”

Die rasionaal vir Jones se siening is nie moeilik om te verdedig nie. In die eerste plek is dit hoe die gereformeerde vaders te werk gegaan het, waarvan Herman Bavinck in ons meer onlangse verlede seker een van die beste voorbeelde is. Tweedens is dit 'n mosie van wantroue in die reddingskrag van Christus en die werk van die Heilige Gees as ons nie so optree nie, en derdens bewaar dit 'n mens daarvan om in die naam van gereformeerd eintlik gereformeerd-sektaries te wees. Ons het dit baie nodig om hierdie vrye visie op die reformatoriese tradisie vorentoe te neem, want dit is juis die lewensbelangrike kenmerk van vryheid wat maklik ontbreek by hulle wat erg gereformeerd is in plaas van eg gereformeerd.

Om dit prontuit te stel: Die ondertoon van gereformeerde katolieke behoort in sy basis deur vryheid voor tegniese korrektheid gekenmerk word. Wat word hiermee bedoel? 'n Mens kry soms die indruk dat bepaalde boksies en kassies vir sommige belangriker is as mense wat bly is dat hulle sonde vergeef is en vir God in Christus wil lewe. In die sentrum van die weeklikse erediens staan nie 'n naakte dogma of kerkorde reëling nie, maar Hy wat gesê het: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Sondag spreek van opstandingen as ons hoegenaamd die idee gee dat ons nog steeds eintlik net begrafnis hou oor die ou mens wat maar net nie kan sterf nie, moet ons ons daarvan bekeer en na Hom wys in wie ons gesterf en opgestaan het. En saam met lewe gaan vryheid. Die eksodus-motief van vryheid van slawerny staan in die sentrum van die Bybel.<sup>13</sup> Dit het sentraal gestaan by Luther aan die begin van die Reformasie en dit is 'n vraag, sê 'n hedendaagse Lutheraan, Oswald Bayer, of Luther nie vandag vir ons sou sê dat ons in dieselfde slagvat vassit as die kerk van sy tyd nie.<sup>14</sup> Waarom? Want jy kan jou nie kan ophys na God deur jou goeie werke nie, maar ook nie deur jou goeie dogma of jou goeie gevoelens nie. Ook Herman Bavinck het al teen hierdie subtiele syspoor gewaarsku. Daarom behoort die vryheid in Christus steeds die toon aan te gee vir ons goeie werke, dogmas en gevoelens en moet ons insien dat 'n

---

13 Vergelyk in hierdie verband die uiters belangrike, dog bondige werk van Alastair Roberts en Andrew Wilson in 2018 met die titel: *Echoes of Exodus: Tracing Themes of Redemption through Scripture*. 'n Treffende beskrywing van Christelike vryheid tesame met insiggewende Skrifverwysings daarvoor en met besondere verwysing na Levitikus 16, kan ook gevind word by Rousas J. Rushdoony in sy werk van 1970, die tweede hoofstuk, heruitgegee in 1995: *Politics of Guilt and Pity*. Vallecito, Kalifornië: RossHouse.

14Vgl. Bayer, O. 2017. *Theology the Lutheran Way*. Minneapolis: Fortress.

perfeksionistiese beklemtoning van korrektheid, ja selfs van korrekte dogma sonder hierdie vryheidsgrond, 'n afleiding is, weg van Christus af, om mense weer met hulself te laat besig wees.

Ons sal netnou kom by die feit dat hierdie vryheid ook in sekere bane volgens die wet van God vloei, maar broeders en susters, dit is tog iets heeltemal anders as wanneer mense doodgaan van korrektheid en wetlikheid, omdat hulle nie voor alles, oor en oor begelei word om genoegsaam te rus in die vryheid van die evangelie nie. Ons heteredienste van aanbidding nodig, in ankerdorpe, ankergebiede en elke ander dorp, wat opgewek hierdie vryheid in Christus bedien en wat vanuit hierdie sentrum vol is van waarheid in ons belydenis, goedheid in ons verkondiging, en skoonheid in ons liturgie.<sup>15</sup> Om ons hierin te begelei is daar twee prikkelende werke wat ons vir 'n begin kan bestudeer. In sy meevoerende werk, *A Primer on Worship and Reformation: Recovering the High Church Puritan*, gee Douglas Wilson aandag aan die inhoud en wyse van aanbidding.<sup>16</sup> Hy maak voorspraak vir dit wat hy hoogkerklik-puriteins noem, maar dit kom in wese maar net neer op gereformeerde-katolieke aanbidding. Hierin staan die weeklikse verbondsvernuwingsfees, met helderklinkende Woordverkondiging, jubelende Psalmsang as ruggraat, en voeding deur die sakramente, in die kern daarvan. En dit alles om die objektiwiteit van die verbond vir elkeen wat gedoop is, tot subjektiewe verwerkliking te bemiddel en te verinnig.<sup>17</sup> Wilson maak 'n mens werklik opgewonde om weer grondliggend aandag te gee aan die aanbidding van die lewende God en in hierdie verband is daar eintlik heelwat onlangse inspirerende werke wat aansluit by die herontdekking van lewensvernuwende eredienste.<sup>18</sup> Met verwysing na gepaste musiek sou dit ookloon om te gaan luister na David Gordon se gedagtes as hy verduidelik *Why Johnny Can't Sing Hymns: How Pop Culture*

---

<sup>15</sup> Vgl. Peter Kreeft se gedagtegang oor *creed, code, and cult* in hierdie verband in sy werk met die titel, *Fundamentals of the Faith*, wat in 1988 reeds verskyn het. Dit word hier toegepas vir 'n Protestantse konteks.

<sup>16</sup> Vgl. Wilson, D. 2008. *A Primer on Worship and Reformation: Recovering the High Church Puritan*. Moscow: Canon.

<sup>17</sup> Vgl. in hierdie verband die treffende woorde aan die einde van Ges. 126:4: "U rig ons na u welbehae: dat ons beleef wat U beloof."

<sup>18</sup> Vir diegene wat in soortgelyke inspirerende publikasies belangstel kan ook die volgende geraadpleeg word: Marva Dawn se publikasie in 1995 van *Reaching Out Without Dumbing Down: A Theology of Worship for This Urgent Time*; Michael Horton se publikasie van 2002: *A Better Way: Rediscovering the Drama of God-Centered Worship*; Hughes Oliphant Old se publikasie van 2002: *Worship: Reformed According to Scripture*; Gore, R.J. 2002. *Covenantal Worship: Reconsidering the Puritan Regulative Principle*. Phillipsburg: P&R. Luister ook na die gesprek oor die herlewing van die sg. *Worship Wars* by <https://mereorthodoxy.com/mere-fidelity-reviving-worship-wars/>.

*Rewrote the Hymnal*.<sup>19</sup> En dit alles sodat trompetgeklank deur tempelkore kan danksê vir God se nuwe guns. En wat ons toegeseg is in God se Woord wat reg is, ons harte kan verbly en ankerdorpe werklik vanuit die Anker vestings sal wees wat ware stabiliteit sal gee.<sup>20</sup>

## Kultuur

Dit bring ons alreeds by die kultuur, want waar mense in hierdie Christelike vryheid in die daaglikse kultuur leef, moet daar noodwendig rimpelings wees - rimpelings wat kenmerkend is van vry mense wat vir God leef. Henry van Til is bekend vir sy stelling dat kultuur eintlik niks anders is nie as die uiterlike kant van godsdiens (*culture is religion externalized*).<sup>21</sup> Dit bevestig die gedagte dat vry mense in hulle hele kultuur hierdie vryheid behoort uit te straal. Die liberalisme is natuurlik voor in die koor met vryheidsgedagtes en daarom is dit nodig dat ons dit hier vergelyk en kontrasteer met die vryheid van die evangelie. Die basiese probleem met die liberalisme is dat dit parasiteer op egte vryheid. Maar ons mag nie egte vryheid inboet net omdat sommiges valse vryheid voorstaan nie. Juis daarom moet ons in die kulturele uitlewing beklemtoon dat die antwoord op die liberalisme nie konserwatisme is nie, maar eerder liberaliteit.<sup>22</sup> Dit is 'n stelling wat verduidelik moet word.

---

<sup>19</sup> Gordon, T.D. 2010 *Why Johnny Can't Sing Hymns: How Pop Culture Rewrote the Hymnal*. Phillipsburg: P&R.

<sup>20</sup> Vgl. Die bekende woorde van Totius se beryming van Ps. 33:2.

<sup>21</sup> Vgl. H.R. van Til. 2001. *The Calvinistic Concept of Culture*. Grand Rapids: Baker.

<sup>22</sup> Dit blyk dat die woord liberaliteit nie eens in die HAT voorkom nie, maar wel in die AWS. Die Nederlandse woordeboek by woorden.org gee treffende betekenisvelde wat hier ter sprake is: milddadigheid; van ruime opvatting oor denk en handelwyse; vrygewigheid. Vergelyk in hierdie verband ook die betekenisveld van die woord in die taal van die stoere reformatoriese kommentator, John Gill oor vriendelikheid in 1 Kor. 13:4: "liberal, and bountiful, does good to all men, even to enemies, and especially to the household of faith; he is gentle to all men, affable and courteous to his brethren, and not morose, churlish, and ill natured." Of die volgende woorde van Calvyn in sy kommentaar op Efesiërs 3:20-21 en wat in Engels deur T. H. L. Parker vertaal is en wat op die internet oral in kaartjies aangehaal word: "However many blessings we expect from God, His infinite liberality will always exceed all our wishes and our thoughts." Die oorvloedige God wat in sy skepping ook aan ons 'n oorvloedige werklikheid skenk, is hierin 'n belangrike sleutel om die woord liberaliteit te waardeer en weer toe te eien. Die reformatoriese teoloog, Kevin Vanhoozer, verwys ook na die oorvloedige genade van God in die teologie van Calvyn aan die hand van die Calvynkenner, Brian Gerrish, en stel die volgende: "Indeed, Brian Gerrish argues that Calvin's theology of the Lord's Supper is organically connected to the whole of the Institutes. Everything in Scripture and theology concerns God the Father's liberality and his children's answering gratitude: "The holy banquet is simply the liturgical enactment of the theme of grace and gratitude that lies at the heart of Calvin's entire theology, whether one chooses to call it a system or not." Calvin had grasped the freedom of God to adopt us as his own sons and daughters in Christ (Eph. 1:5); he had retrieved *sola gratia*." Vgl. Vanhoozer, K.J. 2016. *Biblical Authority after Babel: Retrieving the Solas in the Spirit of Mere Protestant Christianity*. Grand Rapids: Brazos. Loc. 1234 van 8175.



Prof. Tobie Hanekom het tereg die liberalisme getipeer as die godsdiens van die onbekeerde hart.<sup>23</sup> Die rede is dat dit uitgaan van die individu as sy/haar eie wet. Dit klink soos 'n klein godjie en dit is presies wat dit is. Iemand het gesê dat Amerika nie 'n paar gode het nie, maar 250 miljoen afgode. Ons sou dit ook op ons land van toepassing kon maak. Kenmerkend van die individualisme is verder dat dit voorgee dat individue totaal selfstandig is, los van enige kultuur of taal of plek of familie, of deesdae selfs geslag. Die ware jy is hiervolgens vryswewend en moet dus, wanneer jy wil, loskom van hierdie dinge om werklik vry te wees en slegs toetree na die mate wat dit vir jou sinvol is.<sup>24</sup> Die antwoord van diegene wat hierteen reageer, behoort egter nie te wees om vryheid te bevraagteken nie, maar eerder die valse aard daarvan. Daarom behoort die antwoord eerder te wees dat ware vryheid aanbevelenswaardig is en dat die woord *liber* in liberaal, wat vry beteken, eintlik aan Christene behoort.<sup>25</sup> En dat ware vryheid juis in en deur verbintenisse gebeur waarin God se koninkryk gesoek word. So ontstaan wonderlike vryheid deur geseënde gebondenheid.

Die politieke wetenskaplike, Yuval Levin, wys in sy pas verskene publikasie, *A Time to Build*, daarop dat hierdie ouer siening van vryheid juis noodsaaklik is indien ons genesing in ons samelewings wil sien. Levin is daarvan oortuig dat ons grootste uitdagings nie die druk van buite is nie, maar eerder die swakheid van ons instellings intern. Daarom stel hy dat ons eerste taak nie is om na buite te veg nie, maar eerder na binne ons instellings te bou. Levin wys daaropdat vryheid nie net vryheid van iets is nie. Dit is die enigste (reeds skeefgetrekte) aksent by sommige. Die ouer gedagte van vryheid was juis dat ons ook vry word *vir* iets. Ons het daarom ook nodig om vir vryheid gevorm te word, sê Levin. En dit is hier waar hy die belangrikheid van allerhande instellings - *institutions* - onderstreep. Dit is ook hier waar ons die komplementerende kant van vryheid wat gereformeerdes so belangrik is - in Christus langs die weg van God se onderrigting in sy wet -waardeer. Levin wys daarop dat konkrete vryheid inderdaad baie tasbaar gebeur. Hy stel dat ons moet raaksien dat dit juis in en deur die instellings is wat ons innerlike vryheid op praktiese wyses uiterlik in die samelewing

---

<sup>23</sup>Vgl. T.N. Hanekom. 1951. *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika : 'n Kerkhistoriese Studie*. Stellenbosch: CSV.

<sup>24</sup> Vgl. Danie Goosen se artikel in 2013: Wat is die liberalisme? Met 'n kort verwysing na Steve Hofmeyr, by <http://praag.co.za/?p=20634>.

<sup>25</sup> Vgl. in hierdie verband C.S. Lewis se bespreking van die woord en die ooreenstemmende woord in Grieks, *eleutheros*, in sy publikasie van 1959, *Studies in Words*. Dit is belangrik om te onthou dat wanneer Paulus van vryheid spreek waarin ons vas moet staan in Gal. 5:1, hy die woord *eleutheros* gebruik wat in die Latyn vertaal word met die woorde *liber* en *liberalis*.

sigbaar word. Instellings is dus middele waardeur ons vryheid gestalte kry. Volgens Levin het ditongelukkig begin gebeur dat ons instellings nie meer plekke van vorming geword het nie, maar plekke van gewin vir eie agendas. Levin maak daarom in sy nuwe werk allerhande voorstelle vir hoe ons verskillende soorte instellings kan herbou.<sup>26</sup> Dit is een van die konkrete oproepe en aansporings wat vandag gemaak kan word: Raak iewers betrokke op jou gebied van vaardigheid en belangstelling en pligsgevoel, en help om instellings wat op hierdie gebiede ontwikkel word, uit te bou.

Hierdie bouwerk en vorming vir vryheid in ons vrystede, vrydorpe en vrygebiede, beklemtoon verder dat ons nie maar anti-mense is nie, maar vir iets baie besonders onself beywer – egte vryheid in en deur allerhande edele instellings. Die verrassende is dat sulke egte vryheid juis vergestalt word in dit wat sommige mag dink die laaste plek van vryheid is – die konserwatiewe of dan klassieke tradisie.<sup>27</sup> Daar is egter ’n verskil tussen die konserwatiewe of klassieke tradisie, wat die siel van die Westerse beskawing uitmaak, en konserwatisme. Met konserwatisme word hier bedoel dat jy bloot vashou aan hoe dinge in die verlede was en jou nie laat lei deur die Woord om krities om te gaan met die verlede nie.<sup>28</sup> Dit beteken nie dat alles uit die verlede sleg was nie, maar wel dat die Woord oor die hede sowel as die verlede heers. Reformasie beteken dat ons juis vry is om liberalisme sowel as konserwatisme te beoordeel. Dit beteken natuurlik nie dat ons soos die liberalisme alles uit die verlede as boos tipeer nie, maar dit beteken tog wel dat die Woord van ons iets anders maak as blote verledelinge. Skrif en tradisie was nog altyd belangrike kriteria in egte reformasie, maar dan tradisie van meer as die onlangse verlede en tog ook so dat Woord tog altyd eerste kom.

---

<sup>26</sup> Levin. Y. 2020. *A Time to Build: From Family and Community to Congress and the Campus. How Recommitting to our Institutions can Revive the American Dream*. New York: Basic. Vgl. inleidend p.7, 20, 21-22, 25-26.

<sup>27</sup> Vir ’n goeie oorsig oor wat in die konserwatiewe tradisie vaardig is, vgl. Die webwerwe van *The Imaginative Conservative* en *Intercollegiate Studies Institute (ISI)*. Die volgende artikel van Alfred Regnery, gee ’n goeie oorsig: The Pillars of Conservatism by <https://isi.org/intercollegiate-review/the-pillars-of-modern-american-conservatism/>. Let daarop dat Regnery die term *conservatism* uitruilbaar gebruik met die konserwatiewe tradisie. Hierdie artikel maak egter hieroor ’n definitiewe onderskeid wat in die verduideliking net hierna aan die orde kom. Dit is belangrik om hieroor telkens na te gaan hoe ’n bepaalde skrywer die woorde gebruik. Lees ook gerus die artikel van Auguste Meyrat, *We Need More Imaginative Conservatives*, by <https://theimaginativeconservative.org/2019/07/imaginative-conservatives-auguste-meyrat.html>. Vgl. Bradley Birzer se artikel, *Conservatism Defined (sort of)*, by <https://theimaginativeconservative.org/2012/08/conservatism-defined-sort-of.html>. Vgl. ook J.A.A. Purves se artikel, *On Being Young and Conservative in the Twenty-First Century*, by <https://underlyingassumptions.org/2013/08/19/on-being-young-and-conservative-in-the-twenty-first-century/>

<sup>28</sup> Vgl. vir hierdie definisie die werk van Al Wolters in sy werk, *Creation Regained*.

Die goeie nuus is dat die konserwatiewe tradisie of klassieke tradisie, as ons dit 'n meer tydlose klank wil gee, self vol vryheid is en juis moeite maak om nie in konserwatisme te verval nie. Die konserwatiewe tradisie het verder ook nog altyd verskillende kamers gehad en het moeite daarmee gemaak om 'n sektariese gees te vermy.<sup>29</sup> Dit beteken onder meer dat ons ook moet leer om te onderskei tussen medestanders en medestryders, sonder om te verdoem. Medestanders is baie na aan jou, maar medestryders, verder van jou terwyl baie oogmerke steeds gedeel word.<sup>30</sup> Daar is ook ruimte vir kriteria en tyd om vas te stel wanneer iemand nie meer een van die twee is nie. Waarvoor ons wel tans moet werk in die kultuur, nou dat soveel bresse geslaan is, is om nie onnodig al die krag in binnegevegte uit te put nie. Ons moet eerder sover moontlik saam met medestanders sowel as medestryders werk om te konsentreer en te konsolideer. Ons hoor meermale deesdae die woord konsentrasie-politiek. Dit gaan dan veral oor die yl verspreidheid van die Afrikaner en dat ons moet leer by die Voortrekkers watter welslae daar was in laer-trek in bedreigende omstandighede.<sup>31</sup> Dit lyk vir my na 'n weldeurdagte argument, en as daar wel iets soos ankerdorpe is, behoort die ankerdorpe ook daarna te streef om nie net die getalle van mense nie, maar die erfenis van die konserwatiewe tradisie in plaaslike instellings te konsentreer en te konsolideer. Eintlik begin dit reeds in huisgesinne en die erfenis wat daar in boekrakke en werkkamers en leefstyle pryk.

Dit bring ons ook by 'n verdere belangrike toepassing. Wat doen ons wanneer ons wel begin konsentreer en konsolideer? Herhaal ons maar net klakkeloos die verlede? Want dit is een van die uitdagings wat ons moet beantwoord: "Julle wat trots is op julle erfenis wil bloot die verlede herhaal." Die eerste teenantwoord is dat die liberalisme weer net wil fokus op 'n skynbaar tradisielose toekoms. 'n Verdere antwoord is dat die konserwatiewe tradisie baie diepgrondiger te werk gaan en juis vra hoe die verlede en die toekoms bemiddel word aan die hand van die Woord en beproefde dink en doengewoontes, ek bedoel tradisie. Die denker-digter, N.P. van Wyk Louw, het in hierdie verband 'n belangrike uitspraak gemaak.

---

<sup>29</sup> Vgl. Bradley, J. Birzer, "Seven Conservative Minds", by <http://www.theamericanconservative.com/articles/seven-conservative-minds/>. Vgl. ook die insiggewende Nederlandse artikel van Dr. A.A.M. Kinneging, *Het Conservatisme: Kritiek van de verlichting en de moderniteit*, by <http://www.burkestichting.nl/wp-content/uploads/2011/04/kinneging-conservatisme-moderniteit.pdf>.

<sup>30</sup> Medestryders kom ooreen met die Engelse woord *cobelligerents*. Vgl. In hierdie verband ook ons Here Jesus se vermaning toe die dissipels mense opgemerk het wat hulle nie volg nie, en tog nie sleg van Christus gepraat het nie: Wie nie teen ons is nie is vir ons (Mrk. 9:38-41; Lk. 9:49-50).

<sup>31</sup> Vgl. die onlangse publikasie van Flip Buys in 2019, *Die pad na selfbestuur*. Pretoria: Kraal.

Hy het daarop gewys dat ons nie bloot in die tradisie is nie, ook nie bloot buite die tradisie staan nie, maar dat ons vanuit die tradisie werksaam behoort te wees.<sup>32</sup> Dit beteken dat ons op die skouers van die tradisie staan en so trag om verder oor die horison te kyk. In so 'n benadering word enersyds dankbaar erkenning gegee aan die tradisie, maar daar is ook die vryheid om verder oor die horison te tuur en te vra na watter toepassings nou die beste lyk in die lig van die huidige omstandighede, sogenaamde spelreëls, en uitdagings.

Een van die voordele van Louw se voorstel is dat ons ook die werk van die Heilige Gees in die hier en nou kan waardeer en erken. Met ander woorde, ons mag oop wees vir hoe die Here in die verlede gelei het en daaruit leer, maar ons mag ook nou uitsien na leiding in die huidige omstandighede en op hierdie wyse nie vasval in die hede of die verlede nie. 'n Medestryder in die konserwatiewe tradisie merk gereeld op dat daar 'n eenvoudige rede is waarom die konserwatisme volgens hom nooit die liberalisme sal kan oorwin nie. Die rede, sê hy, is dat die liberalisme skynbaar vorentoe wil beweeg gaan vir bepaalde doelstellinge en dat die konserwatisme net wil verdedig of rem. Jy kan egter nie punte aanteken deur net te verdedig nie. Jy kan nie opgewondenheid bring as jy net heeltyd remme aanslaan nie. Daar is natuurlik 'n sin waarin die bewaarders van dit wat kosbaar is, nie anders kan nie. Die begaafde konserwatiewe denker wat onlangs oorlede is, Roger Scruton, het dit roemryk gestel dat die konserwatiewe tradisie besef dat dit maklik is om iets af te breek, maar dat dit lank vat om iets op te bou.<sup>33</sup> Daarom kan die konserwatiewe tradisie nie die opwinding van die oomblik deel wanneer kosbare dinge afgebreek word en kan dit vir sommige maklik as vervelig voorkom. Een van die antwoorde hierop vanuit die tradisie is egter dat daar 'n verskil is tussen tradisie en tradisionalisme. En vanuit die teologie kan ons verder stel dat dit daarom belangrik is om Trinitaries te wees en hier dan met besondere verwysing na die werk van die Heilige Gees in die hier en nou.<sup>34</sup> Die Heilige Gees was nie net in die verlede

---

<sup>32</sup>Vgl. Louw, N. P. van Wyk. 1986. Versamelde prosa 1. Kaapstad: Tafelberg.

<sup>33</sup> "Conservatism starts from a sentiment that all mature people can readily share: the sentiment that good things are easily destroyed, but not easily created." Hierdie woorde word gevind in Scruton se publikasie, *How to be a Conservative*, London: Bloomsbury.

<sup>34</sup> Hierdie selfde toepassing kan ook van toepassing gemaak word op die leerstelling van die uitverkiesing. Die Lutheraanse teoloog, Robert Jenson (2001:138), wys in hierdie verband ook op die belangrikheid van die werk van die Heilige Gees as ons voluit Trinitaries wil nadink oor die leerstelling van die uitverkiesing. Volgens hom is dit juis wanneer ons ook, en veral, die werk van die Gees in die uitverkiesing ter sprake bring, dat dit moontlik is om tyd en ewigheid meer verweef met mekaar te hanteer. Kyk Jenson, R.W. 2001 (1984). *Predestination*, in *Christian Dogmatics: Volume II*, deur C.E. Braaten & R.W. Jenson (reds.). Philadelphia:

werkzaam nie, maar is ook nou werkzaam om ons te lei, ook wanneer ons die tradisie in ag neem en daarby leer, ook wanneer ons nou moet improviseer.

Die woord improviseer is die woord wat die afgelope dekade baie gebruik word om hierdie dinamiese interaksie tussen verlede en hede te beskryf. Die teoloog, Jeremy Begbie, is bekend vir sy beeld van jazz-musiek.<sup>35</sup> Hy wys daarop dat 'n hedendaagse jazz-speler eintlik net kan improviseer as hy/sy duidelike tekens daarvan dra dat hy/sy reeds deurweek is van die jazz-tradisie. Wanneer dit deel van hul rugmurg geword het, ontwikkel diesulkes dan die vermoë om op grond van bekende stukke te improviseer in die eietydse werklikheid. Dit klink aan die een kant so vry, maar aan die ander kant weet diegene wat in hierdie vryheid betrokke is, dat daar duisende ure agter hierdie vryheid lê. En dit is hierdie tipe vryheid in die kultuur wat deur middel van marinering in die konserwatiewe tradisie, ook daartoe lei om egte vorme van politieke vryheid te ondersoek.

## **Politiek**

Net om seker te maak almal is teen hierdie tyd van die voordrag nog wakker, vergun my om te wys op 'n vorm van politieke vryheid wat sommige dalk met die eerste oeropslag as verdag mag beskou: Egte multikulturele visie. Die rede vir hierdie voorspraak is dat ons nie die egte kind saam met die slegte badwater moet uitgooi nie. Dieselfde argument geld vir die reënboog m.b.t. tot die *New-Age*, vir sirkels en driehoeke m.b.t. die Vrymesselaars, en dit geld vir egte multikulturele visie m.b.t. tot valse multikulturalisme.

Die Russiese martelaar, Alexander Solzhenitsyn, het by geleentheid die volgende gesê: “In die onlangse tyd het dit 'n mode geword om te praat van die gelykstelling van nasies en van verskillende volke wat in die smeltkroes van die hedendaagse samelewing verdwyn. Ek stem nie hiermee saam nie, maar dit is 'n ander saak. Al wat hier gesê moet word, is dat die verdwyning van hele nasies ons net soveel sal verarm as wanneer al die mense identies sou word, met dieselfde karakter en dieselfde gesig. Nasies is die rykdom van die mensdom, sy

---

Fortress. 134-139. Vgl. ook die gereformeerde stemme van Genderen & Velema hieroor in hul bekende werk van 1993, *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*. Kampen: Kok. 217-218.

<sup>35</sup>Begbie, J.S. 2000. *Theology, Music and Time*. Cambridge: Cambridge: Vgl. ook B.K. Broadhead. 2018. *Jazz and Christian Freedom: Improvising against the Grain of the West*. Eugene: Pickwick. Kyk ook K.J. Vanhoozer. 2005. *The Drama of Doctrine*. Louisville: Westminster John Knox, p. 128.

veralgemeende persoonlikheid. Die minste onder hulle het sy eie spesiale kleure, en bevat op sigself 'n spesiale aspek van God se ontwerp.”<sup>36</sup>

Die literêre denker, Joseph Pearce, maak dan oor hierdie stelling baie insiggewende gevolgtrekkings. Hy wys daarop dat 'n multikulturele visie in die vorm van 'n verskeidenheid van nasionale kulture 'n goeie ding is. Die probleem, verduidelik Pearce, is nie dat 'n multikulturele visie sleg is nie, maar eerder dat die vorm daarvan wat aan ons verkwansel word deur die globaliste, eintlik hoegenaamd nie multikultureel genoem kan word nie. Pearce is van mening dat dit daarom eerder die etnosentriese partye in Europa is wat die ware multikulturaliste is. Waarom kan hy dit sê? Omdat Pearce insien dat die hedendaagse multikulturalisme eintlik maar net 'n smeltpot wil hê waarin alles gestandaardiseer word in 'n globale kultuur met eintlik net een taal wat die hoër funksies verrig. So word dit uiteindelik, sê Pearce, 'n wêreldwye monokultuur van gestandaardiseerde mense wat niks meer is nie as verbruikers van die brood en sirkusse wat die globale plutokrasie aan hulle bied. Dit is wat hierdie mal en maniese monokultuur is wat die globaliste multikulturalisme wil noem, sê Pearce verder op gevatte wyse. Hy eindig sy artikel deur daarop te wys dat dit eintlik op 'n berekende afbreek van kulturele omgewings neerkom en dat dit nuutsprakigheid –*newspeak* volgens die idioom van George Orwell - is. Hy voeg by dat dit spraak uit twee monde van die mees verregaande soort is, om dit wat die globaliste opdis hoegenaamd as multikultureel te beskryf.

Waarom soveel aandag hieraan skenk? Om ons te bekragtig om nie die woordeboeke aan die liberalisme oor te gee vir herdefiniëring nie. Indien ons in reaksie teen sekere woorde soos die misbruik van multikultureel, hierdie en ook ander woorde aan die liberalisme oorgee, is ons weer besig om volgens hulle nuwe reëls te speel en dan remme aan te slaan terwyl hulle die petrol trap. Multikultureel kan 'n goeie betekenis hê en ons moet ons jongmense daarop wys en daarin meevoer dat ons opgewonde is oor God se verskeidenheid. Reeds hier is daar iets belangrik uit ons tradisie waarop ons noukeurig moet let. Ons hoor soms dat die Nederlandse teoloog en staatsman, Abraham Kuyper, aangehaal word asof hy sou gesê het dat eenheid die vloek van die moderne lewe is. Dit is egter nie

---

<sup>36</sup>Hierdie aanhaling, sowel as die kommentaar hierna van Joseph Pearce, is afkomstig uit 'n 2016-artikel van Pearce met die titel, *Turning Multiculturalism on Its Head*. Dit kan gevind word by <https://theimaginativeconservative.org/2016/07/turning-multiculturalism-head.html>.

wat Kuyper gesê het nie. Hy het gesê dat eenvormigheid die vloek van die moderne lewe is.<sup>37</sup> Daarmee kan ons hartlik meegaan. Juis daarom kan egte multikulturele visie opgewonde wees oor die veelvormigheid van nasies. In Christus is daar ook wel 'n bepaalde soort eenheid waarna ons behoort te streef wat tot uiting kom in uitdrukkings soos 'n gemenebes van nasies. Wat ons wel oor eenheid en ook oor verskeidenheid kan sê, is dat die probleem ook hier nie met die woorde is nie, maar met die betekenis wat daaraan toegedig word. 'n Baie goeie voorbeeld hiervan, met betrekking tot eenheid, is die kritiek wat die gemeenskapsdenker en teologiese filosoof, prof. Danie Goosen, op die Belhar-belydenis uitoefen. Hy sê:

“As Belhar met ‘eenheid’ 'n gedifferensieerde eenheid sou bedoel (dit wil sê 'n eenheid wat die veelheid as noodsaaklik vir 'n gesonde eenheid verstaan) dan sou hy waarskynlik so 'n nuwe benadering vanuit Afrikaner gelede kon ondersteun. Vanweë die sterk aanwesigheid van apartheid in die agtergrond kan Belhar dit waarskynlik nie doen nie. In reaksie op apartheid gee 'n ongedifferensieerde opvatting van eenheid eerder die pas aan. Dit wil sê 'n eenheid wat juis nie klem op die uitbouing van die veelheid van tale en kulture lê nie. Indien bogenoemde inderdaad korrek is, beteken dit dat die onderskeid tussen apartheid en vandag nie skerp genoeg gehandhaaf word nie, en dat Afrikaners aan apartheid vasgeknoop word.”<sup>38</sup>

Dit gaan dus nie oor 'n probleem met eenheid as sodanig nie, en dit moet ons baie duidelik hoor. Dit gaan oor bepaalde definisies en vorme daarvan. En om hierdie gedagtes op die politiek te pas, maar by 'n teologiese dag ook weer met teologika in verband te bring: Ons sou vanuit ons eerbiedige nadenke oor die Drie-eenheid van God en die feit dat sy skepping iets van sy beeld vertoon, maar net voorspraak wil maak vir bepaalde vorme van eenheid en verskeidenheid soos wat ons dit aflei in ons stamelende denke oor die Drie-eenheid van God. Oor eenheid sou ons wou bely dat ons daaraan dink as gedifferensieerde eenheid en oor gedifferensieerdheid dat dit 'n eenheid veronderstel waarin daar nie vervreemding van mekaar is nie. Ons sou selfs kon stel dat die visie op die Triniteit en die verbondsgemeenskap rigtinggewend kan wees om leiding te gee oor eenheid en

---

<sup>37</sup> Vgl. Kuyper se toespraak uit 1869 met die titel, *Eenvormigheid, de vloek van het moderne leven*. Dit is in 2016 heruitgegee deur Wentworth Press.

<sup>38</sup> Goosen, D. 2015. Belhar: die rustelose spook. Besikbaar by: <https://npvanwyklouw.org.za/belhar-die-rustelose-spook/>.

verskeidenheid en die wyse waarop Suid-Afrika 'n gemeenskap (eenheid) van gemeenskappe (verskeidenheid) kan wees waarin met gemeenskap nóg fusie, nóg vervreemding, nóg selfveragting, nog panteïsme, bedoel word.<sup>39</sup>

Dit is duidelik dat hierdie gedagtes waarskynlik beter in federale gemeenskapsopvatting tot uiting kan kom en die bedoeling hier is om slegs daarop te wys dat dit vanuit ons ontwyfelbare geloof ook teologies geloofwaardig verdedig kan word. Dit beteken dat ons met visie aan alternatiewe politieke modelle mag werk sonder om bloot die verlede klakkeloos te herhaal. Om die waarheid te sê, ons mag ons jongmense opgewonde daaroor maak dat ons 'n egte multikulturele visie aanhang en dat dit 'n lang geskiedenis het in die federale gemeenskapsdenke. En so kan die teologie begrondend optree om uitsig op 'n gemeenskap van gemeenskappe te bied waarin eenheid sowel as verskeidenheid gelyktydig gehandhaaf word. Om dit geloofwaardig te kan doen, moet ons egter die slaggate van identiteit in ag neem.

Die reformatoriese filosoof, Danie Strauss, wys daarop dat ons, wat identiteit betref, maklik in ideologie verval wanneer ons nie ingestel is op die koninkryk van God in die sentrum van ons identiteit nie.<sup>40</sup> Hy wys daarop dat iemand, wat identiteit betref, gelyktydig 'n pa kan wees, 'n oud-Tukkie, 'n kerklidmaat van 'n bepaalde kerkverband, 'n Afrikaner, sowel as 'n Suid-Afrikaner. Al hierdie identiteite kan gelyktydig geld, solank almal gesentreerd is om die koninkryk van God. Dit beteken dan dat 'n bepaalde identiteit wel sterker na vore tree soos die konteks dit bepaal, maar dat identiteite nie noodwendig teen mekaar afgespeel hoef te word nie. Wat ideologie doen, sê Strauss, is om een van die identiteite sentraal op te stel, in die plek van die koninkryk van God, en dat alle ander identiteite rondom die nuwe troonposisie wentel. So word identiteit dan idool en ook negatiewe ideologie. Dit kan dus gebeur dat 'n verregse en verlinkse dieselfde fout met identiteit maak, naamlik om óf die Afrikaner, óf die Suid-Afrikaner as beheersende prinsipe op te stel. Dit is belangrik om dit te onthou indien ons anderkant die tipiese polarisasie wil tree waar dit klink of die linkses Suid-

---

<sup>39</sup> Vgl. die lesing wat die spreke in 2019 gelewer het by die 150 jarige feesviering van die teologiese skool te Potchefstroom en wat wag om publikasie met die titel, Reformatoriese toetrede tot die derde golf van bydraes oor die Triniteit.

<sup>40</sup> Kyk, D.F.M. Strauss, *Die mens en sy wêreld*, 1989, p. 21.



Afrika voor alles en die regses die Afrikaner voor alles wil opstel.<sup>41</sup> Dit is moontlik om beide identiteite te handhaaf en om, soos dit soms gestel word, veelvuldige identiteite te hê waarin ons in al ons identiteite streef om God se koninkryk te eer. Juis dit bevry en bekragtig ons om oral diensbaar te wees soos wat die konteks dit vra en nie onnodig in of-of skemas te verval nie. Doen ons dit nie, kan ons nie aan ons jongmense 'n omvattende visie bied wat sin maak van hulle hele werklikheid nie. Want hulle hoef nie verskaalde lewens te lei omdat iemand hulle wysgemaak het dat die koninkryk van God nie skeppingswyd gedien kan word nie. Dit is hierdie tipe federatiewe gemeenskapsvisie van 'n gemeenskap van gemeenskappe onder die heerskappy van Christus wat ons by 'n volgende geslag moet inskerp as ons vir hulle meer wil leer as om heelyd net remme te trap.

### **Ten slotte**

Meneer die Voorsitter, die meeste van ons is bekend met die lering van die basiese voorwaardes vir Christelike verset: 'n bekeerde volk, onder mindere magistrate, met wyse beraadslaging en met hoop op sukses. Wat ons minder vir mekaar sê, is dat dit die volgende impliseer: Bekeerde mense wat iewers in hulle daaglikse bekering gevoed en versterk word in lewenskragtige kerke, en allerhande konsoliderende instellings het waarin hulle vir hul vryheid gevorm word, asook mindere magistrate wat 'n egte visie kan kommunikeer en kan aandui dat ons die stryd vir die regte doel stry waarin 'n hele God-erende kultuur en politiek uit ons aanbidding voortvloei. Dit is met hierdie noodsaaklike ver-onderstellings waarmee ons hier besig was - die onderstel van verset - wat veroorsaak dat ons die duine kan aandurf. Die fokus op die uitbreidende aspekte van aanbidding na kultuur na politiek, en die kategorieë wat gebied is, wou poog om iets van hierdie onderstel vanuit teologiese hoek duideliker in fokus te kry. Daarsonder kan die enjin dalk raas, maar iewers teen die ruwe rante van die werklikheid gaan 'n sterk onderstel belangrik wees. Ons het meer as strydlustige soldate nodig. Ons het strydners nodig wat op die lang termyn gevoed en gelawe kan word – eerstens deur die Woord, in gemeenskap met ander, maar hiermee saam ook

---

<sup>41</sup> Vgl. in hierdie verband ook die woorde van H.G. Stoker in sy werk, *Stryd om die Ordes*, 1941: "Volksbeklemtoning is nodig. Maar 'n volksoordrywing, wat die mondigheid van die individu en die selfstandigheid van die ander menslike verbande, asook van die kultuurkringe verontagsaam en verkrag, 'n volksoordrywing wat tot volksvergoding lei, mag ons nie aanvaar nie. Die volk is nie die enigste middelpunt van die menslike samelewing nie. Die kerk, die gesin, die staat, ens. is dit elk op sy wyse ook. Maar in absolute sin is God alleen middelpunt van die menslike samelewing."

deur 'n visie vanuit Woord en tradisie waarvoor dit die moeite werd is om te stry. Hoe duideliker dit is, hoe sterker is die onderstel, en hoe kragtiger die stryd.